



Geagte Ouer / Voog van 'n Laerskool Wiskunde uitblinker

IEB Verdere Studies Wiskunde

AdMaths (Edms.) Bpk. is 'n voorkeurdiensverskaffer in die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) se Verdere Studies Wiskunde (voorheen *AP Maths*). Hierdie is 'n Graad (9)10-12 ekstra *vak* en nie 'n ekstra *klas* in skoolwiskunde nie. Die oogmerk van die vak is om leerders wat reeds akademies sterk is of 'n groot belangstelling in wiskunde het, addisioneel tot die skoolsillabus te stimuleer en te verryk. Leerders versnel ook deur te leer van konsepte en teorie vroeër as die aangewese tyd. Dit maak leerders skerp en laat hulle vinniger snap. Die vakgebied word in perspektief gestel en horisonne word verbreed.

Beveel universiteite Verdere Studies Wiskunde aan?

Baie Suid-Afrikaanse universiteite se voubiljette maak vermelding van “addisionele wiskunde” as hoogs aanbevole vir sekere rigtings. Wiskunde Hoër Graad is in 2007 vir die laaste keer geëksamineer. Baie studente getuig dat KABV Wiskunde hulle nie voldoende voorberei het vir eerstejaarswiskunde op universiteit nie. Alhoewel hulle 80% gekry het op skool, sukkel hulle om aan te pas op universiteit, veral in die eerste ses maande. Verdere Studies Wiskunde (VSW) is byna onontbeerlik vir rigtings soos Ingenieurswese, B.Sc., B.Comm. en Aktuariële Wetenskap. Die vak dien as ideale oorbrugging tussen matriek en universiteit. Eerstejaars is verlore as hulle nie blootstelling op skoolvlak aan onderwerpe soos absolute waardes en lineêre programmering (Wiskunde Hoër Graad) gehad het nie. Byna elke IEB-skool in Suid-Afrika bied die vak aan, wat 'n aanduiding is van die geloof in die waarde wat dit op universiteit toevoeg.

Hoekom Laerskool AdMaths?

Ons het gevind dat baie leerders wat Verdere Studies Wiskunde in Graad 10 begin neem, nie opgewasse is vir gevorderde wiskunde nie. Die probleem is dat ons skrande leerders nie genoeg gestimuleer word in die skoolklas nie. Baie kry met min moeite hul 80% vir Wiskunde en kwalifiseer dan om uitgenooi te word om die vak te neem deur AdMaths. Skielik leer hulle vir die eerste keer dat net harde werk sukses bring. Die verlangde aanpassing is vir die meeste 'n ontnugtering. Ons praat hier van ons toekomstige dokters, ingenieurs en rekenmeesters wat die intellektuele uitdaging nodig het vir universiteit. Hoe verander ons die prentjie? Een van die maniere is om op laerskool reeds 'n uitstekende basis in hoërskoolwiskunde en werksetiek te lê.

Hoor vroeër, vorder verder teen Graad 7

AdJunior is hoërskoolwiskunde op laerskool en ontwerp vir 'n leerder wat 1 uur per week spandeer daaraan.

AdJunior is totaal onafhanklik van die leerder se skoolgraad en reeds verworwe kennis.

'n Leerder se vordering deur die kursus is 100% afhanklik van wanneer die leerder begin by ons.

Die volgende “gladde” invalspunte bestaan by ons in die toekoms: Graad 8, Graad 9, Graad 10

Jare Euclid / Euler / Gauss / Newton

Graad 4 nuwelinge doen die Euclid Jaar in Graad 4, die Euler Jaar in Graad 5, die Gauss Jaar in Graad 6 en die Newton Jaar in Graad 7.

Graad 5 nuwelinge doen die Euclid Jaar in Graad 5, die Euler Jaar in Graad 6 en die Gauss Jaar in Graad 7. Die Newton Jaar word verbeur, maar die leerder kan Graad 8 AdMaths doen sonder 'n agterstand.

Graad 6 nuwelinge doen die Euclid Jaar in Graad 6 en die Euler Jaar in Graad 7. Die Gauss en Newton Jare word verbeur, maar die leerder kan Graad 8 AdMaths doen sonder 'n agterstand.

Graad 7 nuwelinge doen die Euclid Jaar in Graad 7. Die Euler, Gauss en Newton Jare word verbeur, maar die leerder kan Graad 8 AdMaths doen sonder 'n agterstand.

Graad 4 en 7 nuwelinge sit dus in dieselfde klas.

Studiemateriaal en assessering

Die studiemateriaal word semesterliks elektronies beskikbaar gemaak op die leerder se profiel en die hardekopie kan deur kliënte bestel word by www.admathsretail.co.za. Alle kliënte word ook gekoppel aan vooraf-opgeneemde videolesings. Leerders skryf een keer per kwartaal 'n formele toets oor die kwartaal se werk.

Wat is die verskil tussen die pakkette?

Sprout (selfstudie) leerders het geen regstreekse klas nie. Hulle het slegs die studiemateriaal en video's.

Blossom = *Sprout* + toegang tot regstreekse, weeklikse webinare in die *Zoho*-portaal.

Garden = *Sprout* + toegang tot regstreekse, weeklikse in-persoon klasse aangebied deur 'n fasiliteerder.

Die *Garden* en *Blossom* klasse vind een keer per week in kwartaaltyd plaas en duur 1 uur. Vir klastye, besoek www.admaths.co.za >> CLASSES & COURSES >> PARTICIPATING SCHOOLS / WEBINARS.

Hardekopieë

Baie leerders maak van hul toestelle gebruik om die studiemateriaal te besigtig of hulle laai die PDFs af en druk dit self. Kliënte wat belangstel in ons gedrukte weergawe van die studiemateriaal, bestel deur *Retail*. Daar is twee bestelrondes per jaar by www.admathsretail.co.za, in pas met die elektroniese beskikbaarmaking. U kan ongelukkig nie aan die begin van die jaar die volle jaar se hardekopieë eenmalig bekom nie.

Jungle (VIP-pakket)

Jungle = *Sprout* + *Blossom* + *Garden* + hardekopieë wat afgelewer word twee keer per jaar as deel van die pakket teen geen addisionele koste nie. *Jungle* kliënte gebruik *Retail* soms vir ander produkte, maar nie vir hardekopieë nie.

Registrasie vir 2027

Doen aansoek by www.admaths.co.za >> APPLY teen die laatste **Dinsdag 1 Desember 2026**.

Eersteslagdeelnemers betaal 'n registrasiefooi van **R530**. Ons stuur 'n faktuur met bankbesonderhede en 'n betaaldatum van laatste **Vrydag 4 Desember 2026**.

Vind ingesluit 'n blad met die maandelikse paaielemente per pakket. Die jaarfooi op (bv.) die *Garden*-pakket (in-persoon klastoegang, hardekopieë uitgesluit) is R6816, wat die som is van 12 betalings van R568 elk van 1 Januarie tot 1 Desember 2027.

Die kursus neem 'n aanvang sodra Semester 1 se studiemateriaal op 15 Desember 2026 beskikbaar gemaak word, alhoewel die regstreekse skedule eers begin in die week van **25-29 Januarie 2027**.

Teken u 'n kontrak met AdMaths? Wat gebeur aan die einde van 'n jaar?

Ja, u sal 'n e-pos ontvang van esign@admaths.co.za. Die kontrak mag beëindig word deur 'n kalendermaand se skriftelike kennis te gee (voor September) by system@admaths.co.za. U mag migreer tussen pakkette. Daar is 'n R220 administratiewe fooi betaalbaar om die kontrak met nog 'n jaar te verleng. Daar is 'n R100 per maand afslag vanaf die tweede sibbe wat deelneem.

Vir meer inligting raadpleeg www.admaths.co.za of e-pos junior@admaths.co.za.

Ons sien uit daarna om van u te hoor.

Vriendelike groete



Jean Nico de Villiers
Hoof

